

# DIE KOEGASMOORDE VAN 1878 EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE KAAPKOLONIE

**M. Broodryk**

*Instituut vir Eietydse Geskiedenis,  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

**D.J. van Zyl**

*Universiteit van Stellenbosch*

## The Koegas atrocities of 1878 and its implications for the Cape Colony

During the Second Northern Frontier War (1878-1879) burghers who were called up in service of the Colonial government shot and killed prisoners of war in cold blood on two occasions. Naturally these events caused a sensation and dismayed public as well as official circles. The Cape government therefore ordered an immediate investigation.

After a long delay sufficient evidence was collected and the accused were brought to trial in the Circuit Court at Victoria West during September 1879. As public feelings in this area were strongly in favour of the accused, the responsible officials requested that the trial be moved to Cape Town. Attorney-General Thomas Upington refused, however, and as was expected all the accused, with the exception of the single Coloured, were found not guilty by the jury.

This verdict had numerous repercussions. Newspapers such as *The Cape Argus* fiercely attacked the government and especially the Attorney-General, whereupon Upington sued the owner and editor of that newspaper for libel. Although the so-called Great Libel Case was found in favour of the complainant, the verdict was a moral victory for the accused and a defeat for Upington and the government. This court case in turn had several repercussions, while the situation as a whole badly damaged the image of the Cape Colony.

Tydens die Tweede Noordgrensoorlog (1878-1879) het opgekommandeerde burgers in diens van die Koloniale regering by twee geleenthede krygsgevangenes koelbloedig doodgeskiet. Dit spreek vanself dat hierdie gebeure groot opspraak verwek en ontsteltenis in publieke en amptelike kringe veroorsaak het. Gevolglik het die Kaapse regering sonder versuim 'n ondersoek gelas.

Na 'n lang vertraging is genoegsame getuienis ingewin en die beskuldigdes is gedurende September 1879 in die Rondgaande Hof op Victoria-Wes verhoor. Aangesien die openbare gevoel in dié gebied sterk ten gunste van die beskuldigdes was, het die verantwoordelike amptenare versoek dat die verhoor na Kaapstad verskuif word. Prokureur-generaal Thomas Upington het egter geweier en, soos verwag is, het die jurie al die beskuldigdes, met die uitsondering van die enkele kleurling, onskuldig bevind.

Hierdie uitspraak het talle reperkussies gehad. Koerante soos *The Cape Argus* het die regering en by name die prokureur-generaal heftig aangeval, waarop Upington die eienaar en redakteur van dié koerant vir laster gedagvaar het. Hoewel die sg. Groot Lastersaak ten gunste van die klaer uitgewys is, was die uitspraak egter 'n morele oorwinning vir die beskuldigdes en 'n nederlaag vir Upington en die regering. Dié hofspraak het op sigself weer verskeie reperkussies gehad, terwyl die hele situasie die beeld van die Kaapkolonie baie kwaad aangedoen het.

Die sogenaamde "Koegas atrocities" wat tydens die Tweede Noordgrensoorlog (1878-1879) plaasgevind het, was ongelukkige gebeurtenisse. Om twee redes is "Koegas atrocities" eintlik 'n wanbenaming: eerstens het dit verwys na twee totaal verskillende gebeurtenisse en nie net na een nie; tweedens het nie een van hierdie gebeurtenisse by Koegas plaasgevind nie. Hierdie kontroversiële gebeurtenisse het 'n storm van protes uitgelok, sowel in Suid-Afrika as in Groot-Brittanje. Die gebeure en die reperkussies daarvan was tragiese en bese hoofstukke in die annale van die militêre en juridiese geskiedenis van die Kaapkolonie.

## Die Kaapse Noordgrensoorloë

Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu het daar by twee geleenthede ernstige konflikte aan die Kaapse noordwesgrens ontstaan.<sup>1</sup> Hierdie botsings staan bekend as die Eerste en Tweede Noordgrensoorloë (ook genoem Koranaoorloë), onderskeidelik in 1868-1870 en 1878-1879. Die protagoniste in dié konflikte was enersyds die veeboere in die noordgrensgebied, gesteun deur die gesag van die Koloniale regering, en andersyds die bewoners van die gebied besuide en benoorde die Oranjerivier, veral die Koranas, gesteun deur verskeie Khoisan- en ander groepe.

Alhoewel elkeen van hierdie oorloë deur bepaalde omstandighede en faktore veroorsaak is, het enkele faktore tog gemeenskaplik ten grondslag daarvan gelê. Waarskynlik was die belangrikste gemeenskaplike faktor die indringing van veeboere uit die gebied besuide die Oranjerivier (bekend as Boesmanland of die Achterveld) wat die Koranas en ander as hul tradisionele woon- en jaggebied beskou het. Die formele uitbreiding van die Kaapse grondgebied tot aan die Oranjerivier in 1847<sup>2</sup> het daartoe gelei dat die gebruik van hierdie gebied vir hulle ontê is. Dit het 'n gebrek aan lewensruimte geskep en die omverwerping van hul tradisionele lewenswyse veroorsaak. Daarteen het hulle gewelddadig gereageer. Die gebrek aan wet en orde in dié gebied, sowel as die onstabiliteit onder die inwoners daarvan, het vir hul antagonistiese, hoe swak en ongeorganiseerd ook al, die geleentheid geskep om 'n mate van sukses met hul weerstand te behaal.

Die Tweede Noordgrensoorlog is sonder twyfel aangemoedig deur wydverspreide onrus onder die inboorlinge in groot dele van Suider-Afrika gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu. In vergelyking met gebeure elders in die subkontinent (die Kaapse oosgrens en Natal) was die noordwesgrensgebied nie 'n prioriteit nie en die stryd is bra halfhartig en sonder geesdrif van owerheidsweë gevoer. In werklikheid is dit oorgelaat aan die plaaslike amptenary, opgekommandeerde burgers en enkele vrywilligermagte om die opstand te onderdruk. Die organisasie van die oorlogspoging was ongekoördineerd en swak, by tye kon dit selfs as chaoties beskryf word.<sup>3</sup> Dit was onder hierdie omstandighede dat die gebeurtenisse wat hierna beskryf word, plaasgevind het.

### Gebeure by Stofkraal (Oktober 1878) en tussen De Tuin en Kenhardt (November 1878)

Die eerste gebeurtenis het op 31 Oktober 1878 by Stofkraal naby Luisdraai, ongeveer 50 km noordwes van Koegas, plaasgevind. 'n Kommando bestaande uit tussen 80 en 90 opgekommandeerde burgers onder bevel van kommandant J.A. van Niekerk en kapteins P. Vermeulen en G.J. Engelbrecht, het 'n groep van die vyand, hoofsaaklik van Sanafkoms, in die bosse op die suidelike oewer van die Oranjerivier vasgekeer en aangeval. Tydens hierdie skermutseling het die burgers 46 van die vyand, waarvan tien vroue en kinders was, doodgeskiet.<sup>4</sup> Uiteraard was die

Vir volledige besonderhede hieroor kyk M. Broodryk, *Die Kaapse Noordgrensoorloë, 1868-1879* (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1987), spesifiek hoofstukke 2 en 7 vir die oorsake daarvan.

British Parliamentary Papers (hierna B.P.P.): 969 - July 1848 *Correspondence with the Governor: no. 6, enclosure 1, Proclamation by H.G.W. Smith, 17-12-1847, p. 22.*

3. Broodryk, *op cit*, hoofstukke 7, 8 en 9.

4. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna K.A.B.), Kaapstad: C.O. 4518: J.A. van Niekerk - Civil Commissioner, Victoria West, 12-11-1878, pp. 101-102; K.A.B.: C.O. 1100: Telegram, Civil Commissioner, Victoria West - Colonial Secretary, 7-11-1878; *The Independent*, 12-11-1878 (The South-West Border); *The Colesberg Advertiser*, 23-11-1878 (De Noordelyke Grenzen); *Uppington versus 'The Cape Argus'. Documents, records, etc., connected with the action for libel instituted by the Hon. Mr. Uppington, Attorney-General against 'The Cape Argus'* (Kaapstad, 1879), pp. 14-18; *The Attorney-General versus 'Cape Argus' (Extracts from various Colonial Journals and Parliamentary Papers bearing upon the late trials at Victoria West, and the proceedings out of which they arose, 1878-1879* (Kaapstad, 1878), pp. (i)-(liii).

Koloniale regering oor hierdie gebeure ontsteld en het gevolglik sy misnoë uitgespreek met die "...disgraceful slaughter of women and children" en het daarna verwys as "...outrages ..." en "...acts of barbarity."<sup>5</sup> Dit was egter maar net die begin. Die gevangenes, waarvan 'n aantal gewond was, is onder eskort na Victoria-Wes gestuur. Met hul aankoms in dié dorp het die eskort berig dat vyf van die gevangenes langs die pad gesterf het. Dit het egter later aan die lig gekom dat hierdie vyf gevangenes (twee vroue en drie kinders) net na die geveg en op pad na Victoria-Wes deur lede van die eskort doodgeskiet is.<sup>6</sup>

Wat die hele aangeleentheid gekompliseer het, was bewerings in briewe wat in verskeie koerante voorskyn het dat die burgers tydens die geveg by Stofkraal van die San koelbloedig doodgeskiet het. Sommige sou geskiet gewees het terwyl hulle besig was om te eet; ander is na bewering doodgeskiet nadat hulle reeds oorgegee het en ten spyte daarvan dat hulle om hul lewens gesoebat het.<sup>7</sup>

Die tweede gebeurtenis het op 24 November 1878 plaasgevind. Op daardie tydstip het dit voorgekom asof die verdediging van die grensgebied besig was om in duie te stort.<sup>8</sup> Paniekbevange het inwoners van die gebied wes van die Hartbeestrivier in laers saamgetrek. Onder hierdie abnormale omstandighede het oorreaksies soms voorgekom.<sup>9</sup> Sodanige geval was toe assistent-veldkornet A.J. Burger twee ou Namakwas, 'n bejaarde man en twee jong mans van Sanafkoms (wat almal lank reeds in daardie omgewing woonagtig was) gearresteer het op 'n vae suspisie dat hulle as spioene vir die Koranas opgetree het. Burger het hulle onder geleide van twee burgers, B.A. Bergman en O.W.M. Hennik, na Kenhardt gestuur. Die gevangenes het Kenhardt nooit bereik nie, want die twee burgers het later dieselfde aand na De Tuin teruggekeer en gerapporteer dat die gevangenes geprobeer het om te ontsnap en dat hulle vier doodgeskiet het, terwyl die vyfde een daarin geslaag het om weg te kom.<sup>10</sup> Toe Majoor R.A. Nesbitt, in bevel van die verdediging van die noordwesgrens, van dié gebeure te hore kom, het hy 'n patrollie van die Cape Mounted Riflemen agter die ontsnapte aangestuur. Hulle het daarin geslaag om hom gevange te neem en vasgestel dat hy op drie plekke gewond was.<sup>11</sup> Veldkornet Burger, wat die volgende dag deur Hennik na die plek geneem is waar die sogenaamde ontsnapping plaasgevind het, het nie 'n behoorlike lykskouing gehou nie. Trouens hy het nie eers die moeite gedoen om vas te stel of die vier manne wat geskiet is, werklik dood was nie.<sup>12</sup>

### Die nasleep van hierdie gebeure

Dit spreek vanself dat hierdie twee gebeurtenisse tot groot ontsteltenis in publieke sowel as amptelike kringe aanleiding gegee het. Siviële kommissaris J.N.P. de Villiers van Victoria-Wes het reeds op 8 November aanbeveel dat 'n ondersoek na die

- 
5. K.A.B.: C.O. 4518: Telegram, Under-Colonial Secretary - Civil Commissioner, Victoria West, 8-11-1878, pp. 107-108.
  6. K.A.B.: H.A. 155: Annexure 265, Report of the Attorney General made to His Excellency the Governor in the cases of the Queen v Bergman and Hennik, the Queen v Smith and others tried at Victoria West in September 1879, 21-10-1979; K.A.B.: C.O. 4518: J.A. van Niekerk - Civil Commissioner, Victoria West, 2-11-1878, pp. 101-102; K.A.B.:1/VCW 5/1/2/1/2: no. 91, J.N.P. de Villiers - Colonial Secretary, 8-11-1878; K.A.B.: C.O. 1100: J.N.P. de Villiers - M.J. Jackson, 27-1-1879; *The Victoria West Messenger*, 28-6-1878, 5-7-1879, 12-7-1879, 19-7-1879, 26-7-1879 (Magistrate's Court); D.P. Faure, *My life and times* (Kaapstad, 1907), p. 69.
  7. *The Cape Argus*, 26-11-1878 (The Koegas Atrocities en hoofartikel); *The Cape Times*, 5-12-1878 (T.W. Swift - Editor, 15-12-1878, 12-12-1878 (Hoofartikel); A. Wilmot, *The history of our own times in South Africa I* (Kaapstad, ens., 1897), p. 330; *The Attorney-General versus ...*, pp. (i)-(ii).
  8. N.G. Kerkargief, Kaapstad: S 5 2/164/1: Vluchtende Grensbewoner - Couranten uitgewers, 13-11-1878.
  9. K.A.B.: N.B.C. 12: M.J. Jackson - Colonial Secretary, 12-2-1879, pp. 192-194.
  10. *Ibid*; *The Cape Argus*, 23-9-1879 (Hoofartikel); K.A.B.: C.O. 1100: R.A. Nesbitt - Civil Commissioner, Victoria West, 15-12-1878.
  11. *Ibid*; *The Victoria West Messenger*, 14-12-1878 (The Northern Border).
  12. *The Cape Argus*, 12-8-1879 (Hoofartikel).

gebeure by Stofkraal noodsaaklik was.<sup>13</sup> Hierdie was maar net een van die gebeure aan die noordwesgrens wat die owerheid in die spervuur geplaas het; daarom is 'n spesiale kommissaris in die persoon van E.A. Judge, toe resident-magistraat van Worcester en 'n ervare ondersoekbeampte, na die grensgebied gestuur om die situasie aldaar te ondersoek.<sup>14</sup> Judge het Kenhardt gedurende die eerste week van Desember bereik, maar het teen daardie tyd alweer bedank en kort daarna die grensgebied verlaat sonder om sy opdrag uit te voer.<sup>15</sup> In sy plek is M.J. Jackson, die siviele kommissaris van Richmond en 'n kenner van die noordwesgrensgebied, daarheen gestuur om die opdrag uit te voer. Kort daarna is sy opdrag uitgebrei om ook 'n ondersoek na die dood van die vyf gevangenes tussen De Tuin en Kenhardt in te sluit.<sup>16</sup>

Intussen het briewe van burgers wat aan die geveg by Stofkraal deelgeneem het, in Koloniale koerante begin verskyn. Die skrywers van hierdie briewe het bewerings gemaak wat die publiek geskok het. Daar kan met enkele voorbeelde volstaan word. Laat in November het Saul Solomon, die uitgewer van *The Cape Argus*, 'n skrywe van ene D.H. Blyth van Beaufort-Wes ontvang waarin laasgenoemde sy aandag gevestig het op 'n private brief wat in sy besit gekom het oor die gebeure by Stofkraal en daarna, sowel as op 'n skrywe van 'n korrespondent van die *Graaff-Reinet Advertiser*, gedateer 9 November, wat op 16 November gepubliseer is onder die opskrif "Our Commandant's Debut". Blyth verwys na dié gebeure as 'n "... massacre ..." wat stopgestop moet word aangesien dit "... infamy and disgrace ..." op die Kolonie sou bring. In die private brief word 'n afgryslike beeld van koelbloedige moord en sadisme geskep. Na die geveg waartydens die San voor die voet afgemaai is, is die gevangenes wat nie kon loop nie, doodgeskiet. Nie een het ontsnap nie. Die brief aan die Graaff-Reinette koerant beskryf ook die dood van die vroue en kinders, maar is baie meer gematig, ofskoon die skrywer die geveg tog as 'n "... tarnished victory ..." beskou.<sup>17</sup>

Solomon het, met Blyth se verlof, hierdie aangeleentheid onder premier J.G. Sprigg se aandag gebring. Hy en die redakteur van *The Cape Argus* was van mening dat die beste wyse om te verseker dat die owerheid aandag aan die saak gee, sou wees om dié briewe in hul koerant te publiseer en dit het dan ook in die uitgawes van 23 en 26 November verskyn.<sup>18</sup>

Soos te verwagte het die Koloniale pers heftig op hierdie berigte gereageer. Veral *The Cape Argus* het die swaard opgeneem. Die redakteur het die gebeure by Stofkraal as 'n "...ruthless butchery..." en 'n "...revolting tragedy ..." wat onverwyld ondersoek moet word, in 'n skerpbeoorde hoofartikel beskryf. Dié gebeure het, aldus die koerant, die optrede van alle burgermagte in gedrang gebring - veral dié aan die noordgrens waartydens die burgers "... intemperate and cruel ..." opgetree het. Daarom, het die redakteur afgesluit, is dit "in the name of justice and humanity that we demand that all who had any hand in this last revolting outrage, whether they be authors, actual perpetrators or aiders and abettors, shall be brought to a strict and immediate account."<sup>19</sup> Hierdie eis is ver en wyd opgeneem deur korrespondente aan koerante<sup>20</sup> en koerantredakteurs in verskeie Koloniale koerante,<sup>21</sup> hoewel nie in so 'n skerp taal as dié in *The Cape Argus* nie. Die enigste

13. K.A.B.: 1/VCW 5/1/2/1/2: no. 91, J.N.P. de Villiers - Colonial Secretary, 8-11-1878.

14. K.A.B.: C.O. 5071: no. 3/3241, H. de Smidt - E.A. Judge, 13-11-1878, p. 69; K.A.B.: A.533, vol. 1: no. 3/3216, J.G. Sprigg - E.A. Judge, 11-11-1878; K.A.B.: C.O. 1100: Telegram, Civil Commissioner, Victoria West - Colonial Secretary, 10-12-1878.

15. K.A.B.: G.H. 19/12: Report by E.A. Judge, 20-1-1879.

16. K.A.B.: C.O. 5071: no. 3/3459, J.G. Sprigg - M.J. Jackson, 5-12-1878, pp. 122-124; K.A.B.: C.O. 3279: no. 77, enclosure, C. Mills - M.J. Jackson, 29-12-1878.

17. Briewe gepubliseer in *The Attorney-General versus ...*, pp. (i)-(iv).

18. *The Cape Argus*, 23-11-1878 (Burghers to the Fore) en 26-11-1878 (The Koegas Atrocities).

19. *The Cape Argus*, 6-12-1878 (Hoofartikel).

20. *The Cape Times*, 15-12-1878 (T. Swift - Editor, 2-12-1878; *The Victoria West Messenger*, 11-12-1878 (P-Editor); 21-12-1878 (Q-Editor).

21. Aangehaal in *The Cape Argus*, 10-12-1878 (The Koegas Atrocities Opinions of the Press); *The Cape Times*, 12-12-1878 (Hoofartikel).

opvallende uitsondering was die Kaapstadse blad, *The Standard and Mail*, wat in twee hoofartikels as apologet vir die burgers se beweerde wandade opgetree het.<sup>22</sup>

Dit is gevolglik nie verbasend nie dat die owerheid onder druk van die openbare mening ernstig aandag aan hierdie saak gegee het. Soos reeds genoem, het die spesiale kommissaris na die noordgrens - eers Judge en later Jackson - opdrag gekry om hierdie saak te ondersoek. Hoe ernstig die owerheid hierdie aangeleentheid beskou het, blyk daaruit dat Jackson by verskeie geleenthede gemaan is om tog die nodige aandag aan hierdie aangeleentheid te gee.<sup>23</sup> Intussen het die prokureur-generaal ook dié saak opgeneem en eweneens aan Jackson opdrag gegee om, met die oog op moontlike vervolging, die bewerings in die koerantberigte te ondersoek.<sup>24</sup>

Omdat die beskuldigdes en getuies oor die distrikte Carnarvon, Victoria-Wes en Fraserburg versprei was en vanweë die abnormale oorlogstoestand wat prioriteit moes geniet, het Jackson dit onmoontlik gevind om 'n deeglike ondersoek in te stel.<sup>25</sup> Die owerheid was duidelik nie hiermee tevrede nie en het in 'n opvolgskrywe weer eens die erns van hierdie saak onder sy aandag gebring en by hom aangedring om die gebeure onverwyld te ondersoek.<sup>26</sup>

Inmiddels het Jackson na die beste van sy vermoë begin om die feite vas te stel. In die saak van die dood van die gevangenes tussen De Tuin en Kenhardt het hy goeie vordering gemaak. Van 18 Desember 1878 tot vroeg in Februarie 1879 het die voorlopige ondersoek op Kenhardt plaasgevind. Volgens die getuienis afgelê, waarvan die belangrikste dié van die enigste oorlewende gevangene Piet Blaauw was, het Bergman en Hennik die vyf gevangenes wat vasgebind en ongewapen was, na Kenhardt vergesel. Die twee burgers was elk gewapen met 'n geweer en 'n rewolwer en het die gevangenes wat te voet was, te perd gevolg. Ongeveer vyf km van De Tuin af het die twee burgers onverwags van agter af op die gevangenes begin skiet en vier gedood, maar Piet Blaauw, hoewel deur vier skote gewond, het weggekom. Volgens die twee burgers se getuienis het die gevangenes egter losgekom, hulle gedreig en probeer ontsnap, waarop die burgers uit selfverdediging op hulle gevuur het.

Die optrede van veldkornet Burger, wat nie behoorlik ondersoek na die dood van die gevangenes ingestel het nie en die verklarings wat afgelê is deur Bergman en Hennik sonder meer aanvaar het,<sup>27</sup> het die ondersoek na hierdie saak baie bemoeilik. Ook Jackson het nie behoorlik ondersoek ingestel voor ongeveer twee maande na hierdie gebeure nie. Teen daardie tyd was die dooies se liggame al ontbind. Niemand het eers die moeite gedoen om die lyke te begrawe nie en die nadoodse ondersoek deur 'n mediese offisier van die Cape Mounted Riflemen het plaasgevind op die terrein waar die gevangenes oorspronklik geskiet is.<sup>28</sup>

Daar was verskeie onreëlmatighede in die getuienis wat Bergman en Hennik gelewer het. Dit was hoogs onwaarskynlik dat die gevangenes hulself sou kon bevry het of dat hulle die lewens van hulle twee eskorte in só 'n mate kon bedreig het dat

---

22. *The Standard and Mail*, 28-11-1878 (Hoofartikel) en 7-12-1878 (The Fight at Koegas).

23. B.P.P.: C. 2367-1879 *Further Correspondence respecting the Affairs of South Africa: no. 30, enclosure 5, telegram, Colonial Secretary - Civil Commissioner, Victoria West, 10-12-1878*, p. 79; K.A.B.: C.O. 4518: C. Mills - M.J. Jackson, 29-12-1878.

24. *Upton versus ...*: J.J. Graham - M.J. Jackson, 7-1-1879, p. 11.

25. K.A.B.: N.B.C.12: M.J. Jackson - Colonial Secretary, 9-1-1879, pp. 50-53; 16-1-1879, pp. 62-63; M.J. Jackson - J.G. Sprigg, 23-1-1879, pp. 100-106.

26. K.A.B.: C.O. 5071: no. 3/267, C. Mills - M.J. Jackson, 28-1-1879, p. 300.

27. *Report of the Trial of Upton (Attorney-General) versus "The Cape Argus" for Libel (16-22 December, 1879) with an appendix containing all the documents, papers, etc., put in by the plaintiff and defendants: Copy, Preliminary Examination. R. vs Bergman and Hennik*, pp. 81-96; K.A.B.: 1/V.C.W. 1/1/2/1/5: no. 3 Queen vs B.A. Bergman and O.W.M. Hennik, 10-12-1878 en 23-1-1879; K.A.B.: H.A. 155: no. 265. *Report of the Attorney-General ...*, 21-10-1879; K.A.B.: N.B.C. 12: M.J. Jackson - Colonial Secretary, 12-2-1879, pp. 192-194; *The Cape Argus*, 12-8-1879 (Hoofartikel).

28. K.A.B.: N.B.C. 12: M.J. Jackson - Colonial Secretary, 12-2-1879, pp. 192-194.

dit vir laasgenoemde nodig was om hulle uit selfverdediging te skiet. Waarskynlik het Bergman en Hennik, soos *The Cape Argus* beweer het, hulle vermoor bloot om van hulle ontslae te raak.<sup>29</sup> Tog was daar ook faktore wat die saak teen die twee beskuldiges verswak het. Eerstens was daar 'n gebrek aan 'n werklike motief by die twee beskuldiges; tweedens is dit opvallend dat die hoofgetuie teen hulle, Piet Blaauw, nie 'n klag van moord teen hulle aanhangig gemaak het nie.

Die omstandighedsgetuie, gerugsteun deur die getuie tydens die voorlopige ondersoek, was sterk genoeg om Jackson daarvan te oortuig dat hulle "...wilfully murdered four out of five innocent persons entrusted to their care"<sup>30</sup> - gevolglik het hy hulle laat arresteer en ter strafsitting verwys. Maar "... to secure a fair trial" het hy aanbeveel dat hulle nie in Calvinia nie maar in Victoria-Wes verhoor sou word omdat "...justice is not likely at the hands of a Calvinia jury." Daarvoor het die twee beskuldiges te veel vriende en kennisse in dié distrik gehad.<sup>31</sup> Hulle is gevolglik sonder versuim na Victoria-Wes gestuur.<sup>32</sup> Op grond van Jacson se aanbeveling het die prokureur-generaal besluit om Bergman en Hennik te vervolg,<sup>33</sup> maar aangesien die oorlog nog aan die gang was en baie van die getuies oor die grensgebied versprei was, kon dié saak nie tydens die Maart-omgang van die Rondgaande Hof verhoor word nie en moes dit ontstaan tot in September.<sup>34</sup>

Jackson en magistraat De Villiers van Victoria-Wes het dit veel moeiliker gevind om vordering te maak in die ondersoek na die gebeure by Stofkraal. Gedurende Januarie 1879 het De Villiers verklarings van ses van die oorblywende gevangenes (vier vroue en twee mans) afgeneem. In hooftrekke het hierdie getuie ooreengestem en daarvolgens wou dit voorkom asof daar wel gevalle van koelbloedige moord was.<sup>35</sup> Hierdie verklarings is aan Jackson deurgestuur wat gedurende Februarie sy eie getuie ingewin het. Hierdie getuie, hoewel dit hoofsaaklik op hoorsê berus het, het die getuie van die oorblywende gevangenes gesteun.<sup>36</sup> Tog kon Jackson geen arrestasies maak nie, hoofsaaklik omdat die getuie nie in die vermoë was om die oortreders te identifiseer nie. Op grond van die menigvuldige pligte wat die oorlog meegebring het, kon Jackson ook nie behoorlike aandag aan dié saak skenk nie.

Jackson was egter steeds daarvan oortuig dat "... a terrible and unjustifiable massacre of a party of Bushmen, with their wives and children, has taken place." Ter versagting het hy aangevoer dat "... the killing of a certain number of women and children, in attacking the Bushmen, who were certainly connected with the enemy, may be excusable on the plea of accident, as it is at times impossible to discriminate between the sexes of these people, during a hurried bush fight, owing to the similarity of their dresses, and also on account of volleys fired into a jungle to dislodge the foe."<sup>37</sup> Ander tydgenootlike getuies het hierdie standpunt gesteun.<sup>38</sup> Wat egter, aldus Jackson, nie verskoon kon word nie, was "... the shooting of the wounded at Luisdraai, and subsequently on the line of march to Koegas, among whom were helpless women and little children." Omdat die skuldiges na hul huise teruggekeer het en buite sy bereik in die distrik van Victoria-Wes was, was dit vir

29. *The Cape Argus*, 12-8-1879 (Hoofartikel): D.P. Faure, *My life and times*, p. 72; K.A.B.: C.S.C. 1/2/94: Records of Proceedings, 1879, no. 3.
30. K.A.B.: H.A. 155: no. 265, Report of the Attorney-General ... 21-10-1879.
31. K.A.B.: N.B.C. 12: M.J. Jackson - Colonial Secretary, 12-2-1879, pp. 192-194.
32. K.A.B.: N.B.C. 12: M.J. Jackson - J. Sission, 12-2-1879, p. 196; M.J. Jackson - Resident Magistrate, Carnarvon, 12-2-1879, p. 196.
33. K.A.B.: N.B.C. 1: no. 285, enclosure, J. Graham - J.H. Scott, 31-5-1879.
34. K.A.B.: H.A. 155: no. 265, Report of the Attorney-General ... 21-10-1879.
35. K.A.B.: C.O. 1100: J.N.P. de Villiers - M.J. Jackson, 27-1-1879; *Report of the trial of Upington ...*, pp. 97-100.
36. *Report of the trial of Upington ...*, pp. 100-101.
37. K.A.B.: N.B.C. 12: M.J. Jackson - Colonial Secretary, 10-3-1879, pp. 230-239.
38. *The Victoria West Messenger*, 14-12-1878 (P-Editor).

hom 'n onbegonne taak om bewyse teen hulle te vind; daarom het hy aanbeveel dat die resident-magistraat van Victoria-Wes 'n voorlopige ondersoek teen kommandant Van Niekerk begin "... in order to reach the perpetrators of the terrible deeds which he alleges to have been committed without his knowledge and consent, and against such of the farmers as can be identified."<sup>39</sup>

Prokureur-generaal Upington wat intussen aan die noordgrens gearriveer het, wou Jackson se aanbeveling nie aanvaar nie omdat dit onregverdig teenoor Van Niekerk sou wees om hom vir moord aan te kla "... for the purpose of experimentalising." Hy was nie bereid om op te tree voordat hy oor definitiewe bewyse beskik het nie. Nadat Jackson die grensgebied verlaat het, het Upington self die beheer van die ondersoek oorgeneem. Vanweë die onstabiele toestand in dié gebied het hy dit 'n moeilike taak gevind: kommunikasie was swak en persone wat getuienis kon lewer was wyd oor die gebied verspreid. Dit was eers teen die einde van April dat Upington die bewyse waarvoor hy so naarstiglik gesoek het, gevind het.<sup>40</sup> Een van die lede van die eskort, ene William Ruthven, het getuig dat die skuldiges Frans Johannes Smith, Lucas Petrus Jacobus Duraan, David Andries Muller en Jacob Zoutaar was.<sup>41</sup> Hierdie getuienis, tesame met die verklarings wat vantevore reeds bekom is, het hy as afdoende bewyse beskou. Op sy bevel het die waarnemende spesiale magistraat die dokumente in verband met hierdie saak na Victoria-Wes gestuur met die versoek dat die vier manne hierbo genoem, gearresteer en 'n voorlopige ondersoek van stapel gestuur sou word.<sup>42</sup> Na ontvangs van hierdie skrywe het magistraat De Villiers meer spesifieke instruksies van die prokureur-generaal aangevra, waarop laasgenoemde hom opdrag gegee het om sonder versuim 'n voorlopige ondersoek teen die vier genoemde persone in te stel en, indien dit tydens die ondersoek sou blyk dat ander ook betrokke was, hulle ook aangekla moet word.<sup>43</sup>

Drie van die beskuldigdes - Smith, Duraan en Zoutaar - is daarop gearresteer. Muller kon nie onmiddellik gevind word nie en is eers aangekla toe die voorlopige verhoor van die ander drie al bykans afgehandel was.<sup>44</sup> Die voorlopige ondersoek het van 21 Junie tot 24 Julie in die magistratshof op Victoria-Wes voor resident-magistraat J.N.P. de Villiers plaasgevind.<sup>45</sup> Na afloop van die ondersoek het De Villiers die verklarings en getuienis na die prokureur-generaal verwys. De Villiers kon geen getuienis vind dat kommandant Van Niekerk of enige ander offisier by dié saak betrokke was nie.<sup>46</sup> Upington het die getuienis beskryf as "... in many respects obscure and much of it is probably unreliable." Tog het hy besluit om Smith, Duraan en Zoutaar te vervolg, omdat hy die getuienis teen hulle as sterk genoeg beskou het. Omdat hy geen direkte getuienis teen Muller kon vind nie, het hy besluit om hom nie te vervolg nie.<sup>47</sup>

Hierdie gebeure het intussen neerslag ver buite die grense van die Kaapkolonie gevind. Vroeg in Januarie 1879 het die Britse Aborigines Protection Society die Minister van Kolonies se aandag op hierdie "...massacre of Kaffirs and Bushmen ..." gevestig,<sup>48</sup> waarop sir Michael Hicks Beach 'n verslag van goewerneur sir Henry Frere aangevra het.<sup>49</sup> Intussen het dr. C. Cameron, die parlamentslid vir Glasgow, in 'n toespraak die Britse regering aangeval oor dié gebeure en "...a most searching investigation ..." geëis.<sup>50</sup> Cameron het dit opgevolg met 'n vraag in die Britse

---

39. K.A.B.: N.B.C. 12; M.J.Jackson - Colonial Secretary, 10-3-1879, pp. 230-239.

40. K.A.B.: H.A. 155: no. 265, Report of the Attorney-General ... 21-10-1879.

41. *Report of the trial of Upington ...*, p. 101.

42. *Upington versus "The Cape Argus" ...*, p. 18.

43. *Ibid*, pp. 18-19.

44. *Report of the trial of Upington ...*, p. 20.

45. *Ibid*, pp. 102-112; *The Victoria West Messenger*, 28-6-1879, 5-7-1879, 12-7-1879, 19-9-1879, 27-7-1879 en 9-8-1879 (Magistrates Court).

46. *Report of the trial of Upington ...*, p. 20.

47. *Upington versus "The Cape Argus" ...*, pp. 20-21.

48. K.A.B.: G.H. 1/385: no. 281, annexure, F.W. Chesson - Hicks Beach, 4-1-1879, pp. 115-121.

49. K.A.B.: G.H. 1/385: no. 281, Hicks Beach - H.B. Frere, 23-1-1879, pp. 112-113.

50. *The Attorney-General versus ...*, pp. 10-11.

Laerhuis oor dié saak,<sup>51</sup> waarop Hicks Beach vir 'n tweede keer aan Frere opdrag gegee het om 'n deeglike ondersoek te gelas.<sup>52</sup> Frere het hierdie aangeleentheid na sy ministers verwys. Op 3 April 1879 het die koloniale sekretaris die goewerneur verwittig dat die spesiale kommissaris en die prokureur-generaal die nodige aandag aan dié saak gegee het.<sup>53</sup> Frere kon Hicks Beach dus verseker dat " ...no cases of atrocity or oppression are likely to escape effectual notice and redress", sodat hulle met vertroue die uitslag van die ondersoek kon afwag.<sup>54</sup>

Inmiddels is die Koloniale regering ook in die Kaapse pers skerp gekritiseer, veral deur *The Cape Argus* omdat hy nie sterk genoeg opgetree het om die skuldiges aan die man te bring en te straf nie<sup>55</sup> - 'n beskuldiging wat uiteraard ten sterkste deur die koloniale sekretaris ontken is.<sup>56</sup>

### Verhore in die Rondgaande Hof op Victoria-Wes

Na ontvangs van die resultate van die voorlopige ondersoeke in genoemde twee sake het prokureur-generaal Upington besluit om die vyf beskuldigdes (B.A. Bergman, O.W.M. Hennik, F.J. Smith, L.P.J. Duraan en J. Zoutaar) vir moord aan te kla en in die Rondgaande Hof op Victoria-Wes te laat verhoor. Tot tyd en wyl die verhoor sou plaasvind, is die beskuldigdes in die gevangenis aangehou.<sup>57</sup> Die twee hofsake het onderskeidelik op 15 en 16 September 1879 voor regter Edward Dwyer en 'n jurie geding.<sup>58</sup> Die oggend van die dag waarop die eerste saak (die een teen Bergman en Hennik) sou voorkom, het die staatsaanklaer, advokaat Jones, prokureur-generaal Upington telegrafies versoek om hierdie sake na die Hooggeregshof in Kaapstad te verskuif, omdat die openbare gevoel in Victoria-Wes ten gunste van die beskuldigdes so sterk was dat dit onmoontlik sou wees "...to obtain an impartial trial." Later dieselfde dag het Upington sy beslissing getelegrafeer dat daar met dié sake soos beplan voortgegaan moet word.<sup>59</sup> Dit was duidelik 'n fout. Dieselfde redes waarom Jackson die voorlopige verhoor na Victoria-Wes laat verskuif het, het ook dáár gegeld. Baie manne uit die distrik, hul familie en vriende het aan die oorlog deelgeneem - na bewering 222 van die 742 in daardie distrik - wat beteken het dat 'n jurie uit die geledere van die inwoners van die distrik kwalik 'n objektiewe oordeel sou kon vel.<sup>60</sup>

Die vraag wat beoordeel moes word, was of Piet Blaauw se getuienis tesame met die omstandighedsgetuienis sterk genoeg was om die jurie tot 'n skuldigbevinding te lei. Ten spyte van getuienis wat as oorweldigend teen hulle voorgekom het, het die jurie albei na 'n beraadslaging van slegs vyf minute onskuldig bevind - onder groot toejuiging van die aanhoorders uit die volgepakte hofsaal.<sup>61</sup> Na aanleiding van hierdie uitspraak het die staatsaanklaer namens homself, die resident-magistraat en die waarnemende vrederegter weer eens aan Upington getelegrafeer dat daar geen kans op 'n regverdige uitspraak in die saak teen die beskuldigdes Smith, Duraan en Zoutaar op Victoria-Wes was nie en aanbeveel dat dié saak na die Hooggeregshof in

51. B.P.P.: C.2252-1879 *Further correspondence respecting the affairs of South Africa*: no. 14, enclosure, Berig in die *London Times*, 19-2-1879 (Alleged Massacres of Caffres), p. 40.

52. *Ibid.*: no. 14, Hicks Beach - Frere, 20-2-1879, pp. 39-40.

53. B.P.P.: C. 2367-1879 *Further correspondence respecting the affairs of South Africa*: no. 30, enclosure 10 Minute, Colonial Secretary-Governor, 3-4-1879, p. 81.

54. *Ibid.*: no. 30, H.B. Frere - Colonial Secretary, 15-4-1879, pp. 76-77.

55. *The Cape Argus*, 17-7-1879 en 19-7-1879 (Hoofartikels).

56. K.A.B.: C.C.P. 1/3/1/3: Debates, 17-7-1879, p. 49.

57. K.A.B.: C.S.C. 1/2/194: no. 3, Notices by J.J. Graham, 14-8-1879 en 19-8-1879.

58. D.P. Faure, *My life and times*, p. 72.

59. *Upington versus "The Cape Argus" ...*, p. 27.

60. D.P. Faure, *My life and times*, p. 72.

61. K.A.B.: C.S.C. 1/2/194: no. 3, Verdict by C. Dunant, 15-9-1879; W.E.G. Solomon, *Saul Solomon (The Member for Cape Town)* (Kaapstad, 1948), p. 258, voetnoot 10; *The Victoria West Messenger*, 20-9-1879 (Circuit Court).



Kaapstad verwys moet word. Upington se antwoord was dat ten spyte van wat gebeur het, daar met die saak voortgegaan moet word aangesien 'n verskuiwing talle probleme en groot uitgawes sou meebring.<sup>62</sup>

Dit wil voorkom asof hierdie besluit van die prokureur-generaal net so swak as die vorige een was. 'n Onpartydige jurie kon nie in Victoria-Wes gevind word nie; daarom het die staatsaanklaer beswaar teen agt potensiële jurieleden aangeteken, onder meer vanweë hul betrokkenheid by die saak.<sup>63</sup>

Anders as in die saak teen Bergman en Hennik, waar die staat 'n klinklare saak teen die beskuldigdes voorgedra het, was die getuienis teen Smit, Duraan en Zoutaar baie swak. Bepaalde eienaardighede het in dié saak voorgekom. In sy opsomming aan die jurie het regter Dwyer gesê dat volgens die getuienis voorgelê, die beskuldigdes nie skuldig bevind kon word aan moord of strafbare manslag nie, maar slegs aan aanranding. Die rede was omdat geen getuienis voorgelê is om te bewys dat werklike lewensverlies plaasgevind het nie. Hy het bewys van dood of die identifikasie van liggame geëis.<sup>64</sup> Alle getuies wat lig op die gebeure kon werp, is nie gedagvaar nie. So was sowel kommandant Van Niekerk as kaptein Engelbrecht in die hofsaal teenwoordig, maar hulle is nie gevra om te getuig nie. Sekere verdoemende getuienis wat tydens die voorlopige ondersoek na vore gekom het, is geïgnoreer. Onder meer is lede van die eskort wat erken het dat hulle 'n vrou doodgeskiet het, nie aangekla nie.<sup>65</sup> Hierbenewens was van die getuienis wat gelewer is duidelik onbetroubaar en teenstrydig. Getuienis wat tydens die hofsaak gelewer is, het ook grootliks verskil van dieselfde getuies se verklarings tydens die voorlopige ondersoek<sup>66</sup> Die uitspraak van die jurie was dan ook soos verwag is. Na beraadslaging van 'n uur het die jurie die twee blankes onskuldig bevind, maar die Baster, Jacob Zoutaar, skuldig bevind aan aanranding. Hy is tot vyf jaar gevangenisstraf met harde arbeid gevonnis.<sup>67</sup>

### Die Groot Lastersaak

Die uitsprake van die Rondgaande Hof op Victoria-Wes het groot openbare protes uitgelok. Uit verskeie oorde is die jurie, die regering en die prokureur-generaal heftig gekritiseer. Veral prokureur-generaal Upington, as die verantwoordelike amptenaar, moes deurloop. In sy redaksionele kommentaar van 23 September het die redakteur van *The Cape Argus* die prokureur-generaal verkwalik omdat hy nie die verhore van Victoria-Wes verskuif het na 'n plek waar daar minder vooroordeel was nie en hom beskuldig van "...moral cowardice ..." en "...willful dereliction of official duty."<sup>68</sup> Ewe skerp was die kritiek wat uitgespreek is in briewe aan die pers.<sup>69</sup> 'n Skrywe deur 'n korrespondent met die skuilnaam Fiat Justitia onder die opskrif "Deeds of Shame" aan *The Cape Argus* het veral wyd opspraak verwek. Dié skrywer, wat die hofgebeure bygewoon het en besluit op hoogte was van die atmosfeer wat daar geheers het, het die verhoor beskryf as 'n "...disgraceful and humiliating farce." Hy het onder meer beweer dat dit weke en maande vantevore reeds bekend was dat 'n skuldigbevinding op Victoria-Wes nie moontlik sou wees nie. Die hele distrik het met die beskuldigdes simpatie gehad; gevolglik was die jurie nie onpartydig nie. Hy het ook verwys na die gespanne atmosfeer in die stampvol hofsaal - almal wou teenwoordig wees "...to witness the glorious sight of the acquittal of men with white skins."

---

62. *Upington versus "The Cape Argus" ...*, p. 27; W.E.G. Solomon, *Saul Solomon ...*, p. 260, voetnoot 13.

63. D.P. Faure, *My life and times*, p. 72.

64. *The Victoria West Messenger*, 20-9-1879 (The Koegas Massacre).

65. D.P. Faure, *My life and times*, pp. 70-71.

66. K.A.B.: H.A. 155: no. 265, Report of the Attorney-General ..., 21-10-1879.

67. K.A.B.: 1/V.C.W. 1/2/1/6: no. 119, Queen vs Frans J. Smith and others; K.A.B.: C.S.C 1/2/1/94: no. 3, Verdict by C. Dunant (Registrar), 16-9-1879.

68. *The Cape Argus*, 23-9-1879 (Hoofartikel).

69. *The Cape Argus*, 30-9-1879 (The Northern Border Atrocities: A Justice of the Peace-Editor, 29-9-1879).

Ten spyte van oorweldigende getuienis dat die beskuldigdes skuldig was, is almal deur die jurie onskuldig bevind behalwe die enkele nie-blanke beskuldigde - 'n duidelike openbaring van die heersende gesindheid in Victoria-Wes. Die korrespondent het ook diegene wat in die posisie was om wat gebeur het, openbaar te maak maar dit nie gedoen het nie, aangeval en gesuggereer dat partypolitieke motiewe die owerheid se optrede beïnvloed het. Gevolglik het hy die regering beskuldig van "...miscarriage of justice..." omdat die prokureur-generaal, wat kennis gedra het van die inwoners en die heersende omstandighede, moes besef het dat 'n onpartydige verhoor onmoontlik sou wees. Selfs nadat hy dienoooreenkomstig getelegrafeer is, het hy nog steeds geweier om die verhore te verskuif.<sup>70</sup>

Na aanleiding van bo vermelde twee briewe het die redakteur van *The Cape Argus*, F. Dormer, in 'n sterk bewoorde hoofartikel weer eens prokureur-generaal Upington beskuldig van "...dereliction of duty..." en "...a wicked and willful disregard of the trust reposed in him." Dormer spreek ook die mening uit dat Upington ongeskik en onwaardig was vir die betrekking wat hy beklee het omdat hy instrumenteel was in die ontslag van die beskuldigdes.<sup>71</sup> Hy het sy beskuldiging op twee argumente gebaseer: eerstens was dit die prokureur-generaal se plig om toe te sien dat die staatsaanklaer genoegsame getuienis bekom het om 'n skuldigbevinding te verseker; tweedens moes Upington die hofsake verskuif het toe hy verneem het dat daar waarskynlik nie 'n regverdige uitspraak op Victoria-Wes verkry sou kon word nie.<sup>72</sup>

Die redakteur van *The Cape Times*, hoewel hy nie noodwendig met al die beskuldiging van sy koerantkonkurrent saamgestem het nie, het daarop aangedring "... that Mr. Upington must either clear himself from the charge or submit tacitly to the condemnation of those of his fellow colonists who hold cruelty in abhorrence..." aangesien nie net sy eie naam nie, maar ook dié van die regering op die spel was. Indien die bewerings waar blyk te wees, sou dit beskou kon word as "...sufficient proof of the unfitness for his office of the most popular of our Cabinet Ministers."<sup>73</sup> 'n Week later het dieselfde koerant weer eens daarop aangedring dat dié aantygings ondersoek moet word.<sup>74</sup> Die *Cape Mercury* het hierdie mening onderskryf.<sup>75</sup>

Inmiddels het die redakteur van *The Cape Argus* in 'n tweede hoofartikel wat nog sterker bewoord was as die eerste, die prokureur-generaal uitgedaag "...either to rebut the charges or retire from office" en daarop gesinspeel dat die regering die toepassing van geregtigheid ondergeskik gestel het aan "...political ends..."<sup>76</sup> Die implikasie was duidelik: Upington wou nie sy plattelandse Nederlandssprekende politieke ondersteuners vervreem deur die hofsake te verskuif om só skuldigbevindinge te verkry nie.<sup>77</sup> Voorts het Dormer ook 'n pleidooi gelewer dat die politieke amp van minister verantwoordelik vir justisie van die regterlike amp van prokureur-generaal of staatsaanklaer geskei moet word.<sup>78</sup> Dit sou politieke motiewe uit die regspraak weer en verhoed dat gebeure soos op Victoria-Wes herhaal sou word.

Die hofsake op Victoria-Wes het ook wyer reperkussies gehad. Vroeg in Oktober het goewerneur Frere namens die Britse regering 'n verslag van dié gebeure aangevra.<sup>79</sup> Op 27 Oktober het die owerheid sy verslag aan Frere gestuur. In dié verslag rapporteer Upington in detail oor die twee hofsake. Hy verklaar onder meer dat hy by geen geleentheid tot die dag voor die verhoor enige aanduiding gekry het dat 'n regverdige verhoor nie moontlik sou wees nie, nòg by monde van die resident-

70. *The Cape Argus*, 7-10-1879 (Deeds of Shame: Fiat Justitia - Editor).

71. *The Cape Argus*, 7-10-1879 (Hoofartikel).

72. A. Wilmot, *The history of our times ...I*, pp. 330-331.

73. *The Cape Times*, 9-10-1879 (Hoofartikel).

74. *Ibid.*, 14-10-1879 (Hoofartikel).

75. *Cape Mercury*, 22-10-1879 (Hoofartikel).

76. *The Cape Argus*, 14-10-1879 (Hoofartikel).

77. W.E.G. Solomon, *Saul Solomon*, p. 258; *The Cape Argus*, 23-4-1921 (R. Kilpin, *Pioneers of Parliament V. Saul Solomon*, 1817-1892).

78. *The Cape Argus*, 14-10-1879 (Hoofartikel).

79. K.A.B.: P.M.O. 3: no. 629, H.B. Frere- Ministers, 8-10-1879.

magistraat, nóg by monde van enige amptelike of private persoon. Ten spyte van wat gebeur het, spreek Upington sy volle vertroue in die juriestelsel en die jurielede se integriteit uit. Die feit dat jurielede by 'n bepaalde geleentheid verkeerd opgetree het, kan tog nie teen 'n hele distrik se inwoners gehou word deur hulle almal van meened te beskuldig nie - aldus die prokureur-generaal. Getuienis van wangedrag deur jurielede was nie naastenby sterk genoeg om hom te oordeel om in te meng in die normale verloop van sake nie. Trouens, hy stel dit onomwonde dat "...in the cases under discussion I fail to see any proof that the Victoria-West jurors have willfully misconducted themselves." Upington het ook nie saamgestem met die bewering dat die getuienis oorweldigend teen Bergman en Hennik was en die uitspraak van die jurie "...wholly contrary to evidence and corrupt..." was nie. Volgens sy mening was daar genoeg rede vir die jurie om te twyfel, veral as gevolg van die afwesigheid van 'n motief by die beskuldigdes.

In die ander saak teen Smith, Duraan en Zoutaar is Upington deur sowel die resident-magistraat van Victoria-Wes as die aanklaer meegedeel dat die staat se saak sterk genoeg was om 'n skuldigbevinding te verkry. Dat die jurie anders besluit het, was nie toe te skryf aan die swak hantering van die aanklag, soos deur baie beweer is, of aan korrupte motiewe by jurielede nie, maar aan teenstrydige getuienis gelewer deur die getuies. Sy besluit om nie die verhore te verskuif nie het hy verdedig deur daarop te wys dat die aanbeveling in dié verband te laat ontvang is, dat dit hoë onkoste sou meebring sowel as groot persoonlike ongerief vir die beskuldigdes en getuies.<sup>80</sup> Goewerneur Frere het hierdie verslag aan die koloniale sekretaris deurgestuur.<sup>81</sup> Hicks Beach se antwoord was neutraal en niksseggend, naamlik dat hy met pyn en spyt moes kennis neem "...that in matters of so serious a character, it should have been possible for any doubt to be raised as to the sufficiency of the measures taken and the justice of the verdicts returned."<sup>82</sup>

Soos begryp kan word, het die beskuldiging en insinuasies die Sprigg-administrasie, wat lank reeds in diskrediet was oor sy onbekwame hantering van die noordgrensoorlog, in die beskuldigdebank geplaas. Die vermoede was dat die owerheid "...had thought it politically expedient to procure verdicts which were in accordance with the views held by a large section if not the majority, of the white electorate."<sup>83</sup>

Onder druk van die kritiek van alle kante het prokureur-generaal Upington besluit om Saul Solomon en F.J. Dormer, onderskeidelik die eienaar en die redakteur van *The Cape Argus*, te dagvaar vir laster na aanleiding van die twee hoofartikels wat op 7 en 14 Oktober 1879 gepubliseer is.<sup>84</sup> 'n Eis van skadevergoeding vir die bedrag van £10 000 elk is gevolglik teen dié twee persone by die Hooggeregshof ingestel.<sup>85</sup> Dit bly 'n ope vraag of hierdie saak in werklikheid tussen Upington en die beskuldigdes of tussen die Kaapse regering en die beskuldigdes was! In der waarheid was die vryheid van die pers om die optrede van 'n publieke amptenaar te kritiseer saam met Dormer en Solomon in die beskuldigdebank.<sup>86</sup>

Hierdie saak wat bekend sou staan as die "Groot Lastersaak" het vanaf 16 Desember 1879 in die Hooggeregshof in Kaapstad voor hoofregter sir Henry de Villiers, bygestaan deur regter Andries Stockenström, gedien.<sup>87</sup> Nadat verskeie persone etlike dae lank getuienis gelewer het en gekruisvra is, het hoofregter De Villiers op 22 Desember sy uitspraak gelewer. Soos die hoofregter dit tereg saamgevat het, moes die hof besluit "... whether the words used by the defendents

80. K.A.B.: G.H. 28/104: no. E. 371/6/12, 1879, Minute from Ministers to H.B. Frere, 27-10-1879; K.A.B.: H.A. 155: no. 265, Report of the Attorney-General ..., 21-10-1879.

81. K.A.B.: G.H. 28/104: no. E. 371/6/12. 1879, H.B. Frere - Hicks Beach, 6-12-1879.

82. K.A.B.: H.A. 155: no. 265, Hicks Beach - Frere, 26-1-1880.

83. T. Strauss, *War along the Orange* (Kaapstad, 1979), p. 114.

84. *The Cape Argus*, 25-10-1879 (Fairbridge, Arderne and Scanlan - F.J. Dormer and S. Solomon), 20-10-1879.

85. *The Attorney-General versus Cape Argus* ..., Summons, 27-10-1879 en 29-10-1879; *The Victoria West Messenger*, 3-11-1879 (Eene belangrijk Aktie voor Laster); *The Cape Argus*, 25-10-1879 (Hoofartikel).

86. G.M. Theal, *History of South Africa II* (Kaapstad, 1922), p. 38.

87. W.E.G. Solomon, *Saul Solomon*, p. 261; D.P. Faure, *My life and times*, p. 79.

were a fair and *bona fide* comment upon the character of the plaintiff in the conduct of the prosecution of the prisoners in the Victoria West case." Hoewel die hoofregter Upington verkwalik het vir sekere ligsinnige opmerkings wat hy in verband met die dood van die vroue en kinders in die parlement gemaak het, en sy besluit om nie die verhoor van Victoria-Wes te verskuif nie as "...a gross error of judgment..." beskryf het, het hy tog Upington gelyk gegee. Gevolglik het hy die nominale bedrag van 1/- as skadevergoeding teen Solomon en £5 teen Dormer toegeken. In Solomon se geval moes elke party sy eie koste betaal, maar in Dormer se geval moes hy alle koste dra. Regter Stockenström het die bevindinge van die hoofregter gesteun.<sup>88</sup>

Hoewel die hof Upington gelyk gegee het, was dié uitspraak ongetwyfeld 'n morele oorwinning vir die twee beskuldigdes en 'n nederlaag vir Upington en die regering. Die minimale bedrae wat die hof aan Upington as skadevergoeding toegestaan het, het dit duidelik getoon. Uiteraard het hierdie uitspraak weer tot 'n polemieks in die Koloniale pers aanleiding gegee tot die kwessie of die uitspraak geregverdig was of nie!

Die Groot Lastersaak het verskeie reperkussies gehad. Tydens die hofsak het dit aan die lig gekom dat die anonieme skrywer van die brief, geteken Fiat Justitia, ds. D.P. Faure, die tolk van die Hooggeregshof was. Die owerheid het Faure met ontslag gedreig tensy hy 'n bevredigende verduideliking vir sy "...breach of regulations..." kon voorlê.<sup>89</sup> Faure se verduideliking dat hy nie in 'n voltydse staatsbetrekking gestaan het nie, nie lid van die gewone staatsdiens was nie en dat die normale regulasies soos van toepassing op staatsamptenare nie op hom betrekking gehad het nie,<sup>90</sup> het die owerheid glad nie tevrede gestel nie en die koloniale sekretaris het opnuut om 'n verduideliking gevra.<sup>91</sup>

Faure se vasberade houding dat hy opgetree het op grond van sy verontwaardiging oor "...the iniquitous acquittal by the jury of the prisoners charged with crimes which for enormity and outrageousness stand unsurpassed..." deur 'n jurie "...directly contrary to the evidence,"<sup>92</sup> sowel as goewerneur Frere se kritiek op sy optrede<sup>93</sup> het sy saak niks goeds gedoen nie en hy is gevolglik uit sy pos ontslaan.<sup>94</sup> Daarop het Faure die owerheid vir skadevergoeding gedagvaar op grond van die feit dat sy ontslag onbillik en ongegrond was. Aangesien die goewerneur wetlik by magte was om 'n beampete te ontslaan, het die Hooggeregshof Faure se aansoek verwerp en moes hy maar in sy ontslag berus.<sup>95</sup>

Tydens die Groot Lastersaak het dit ook aan die lig gekom dat regter Edward Dwyer, wat die hofsake op Victoria-Wes verhoor het, kort daarna in 'n brief aan Saul Solomon na die gebeure by Luisdraai as barbaarse moorde verwys het en die vertroude uitgespreek het dat "...there will be a full enquiry into the matter by disinterested persons who will not fear to bring the truth to light." Na aanleiding van hierdie gebeure het hy die noodsaaklikheid van die skeiding van die amp van openbare aanklaer van die politieke amp van prokureur-generaal of minister beklemtoon "...because there is too much reason to believe that private professional

88. *The Hon'ble Thomas Upington, Attorney-General of the Cape Colony, versus Saul Solomon and Company*, pp. 1-8; *Report of the Trial of Upington ...*, pp. 58-64; E. Drus, *The political career of Saul Solomon, Member of the Cape Legislative Assembly from 1854 to 1883* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1939), p. 70; *The Victoria West Messenger*, 22-12-1879 (Upington vs. "Argus"); *The Richmond Era*, 3-1-1880 (Uitspraak in de Zaak van Upington vs. "Argus").

89. K.A.B.: C.O. 5218: no. 1/2311, C. Mills - Attorney-General, 24-12-1879, p. 229.

90. Cape Parliamentary Papers (hierna C.P.P.): A. 72-1880 *Correspondence between the Government and the Reverend D.P. Faure on the subject of his Dismissal from Office*: D.P. Faure - Attorney-General, 31-12-1879, p. 5.

91. K.A.B.: C.O. 5218: no. 1/17, H. Willis - Attorney-General, 9-1-1880, p. 245.

92. C.P.P.: A. 72 - 1880 *Correspondence between the Government ...*: D.P. Faure - Attorney-General, 14-1-1880, pp. 7-9.

93. K.A.B.: G.H. 29/105: no. E. 9/2/1880, H.B. Frere - Colonial Secretary, 27-1-1880.

94. K.A.B.: C.O. 5218: no. 1/219, H. Willis - Rev. D.P. Faure, 31-1-1880, pp. 313-314.

95. *The Richmond Era*, 8-5-1880 (Echoes of the Week); D.P. Faure, *My life and times*, pp. 88-91.

objects have heretofore both influenced the institution as well as prevention of prosecutions, and that political motives have also interfered with the impartial administration of justice."<sup>96</sup> Hierdie standpunte van Dwyer het neerslag gevind in Dormer se gewraakte hoofartikel in *The Cape Argus* van 14 Oktober 1879. Toe die bestaan van hierdie brief tydens die lastersaak bekend word, het premier Sprigg regter Dwyer daarvan beskuldig dat hy skuldig was aan wangedrag wat hom onbevoeg gemaak het om die amp van regter te beklee en 'n verduideliking geëis.<sup>97</sup> 'n Gedeelte van die Koloniale pers, veral op die platteland, het hierdie owerheidstandpunt ondersteun.<sup>98</sup>

Dwyer het die owerheid van sy lojaliteit verseker en beweer dat hy sy brief aan Solomon in sy private hoedanigheid geskryf het en dat dit nie bedoel was vir publikasie of verspreiding nie. As sodanig was dit dan ook as 'privaat' gemerk en Solomon het sy vertroude geskend deur die inhoud daarvan bekend te maak.<sup>99</sup> Hoewel hierdie verduideliking die owerheid nie heeltemal tevrede gestel het nie en tot verdere navrae gelei het, het die regering volstaan deur sy misnoeë uit te spreek en Dwyer te waarsku om voortaan versigtiger te wees.<sup>100</sup> Klaarblyklik, om Solomon se woorde in die Wetgewende Vergadering te gebruik, was dit "...not so easy to dismiss a judge as to dismiss the Rev. D.P. Faure."<sup>101</sup> Benewens 'n lewendige bespreking in die Kaapse Wetgewende Vergadering het dié gebeure aan die noordgrens en die reperkussies daarvan ook neerslag in Europa gevind, hoewel dikwels in 'n oordrewe vorm.<sup>102</sup> Dit het die beeld van die Kaapkolonie oorsee veel skade aangedoen. Waarskynlik was die belangrikste gevolge van dié gebeure dat dit die inherente swakhede van die regspraak in die Kaapkolonie sowel as die heersende gesindhede en vooroordele van die verskillende rassegroepe blootgelê het.

- 
96. C.P.P.: A. 5 - 1880 *Correspondence between the Honourable the Colonial Secretary and the Honourable Mr. Justice Dwyer, relative to a Letter dated October, 1879, addressed to Mr. Saul Solomon, M.L.A.*: E. Dwyer - Saul Solomon, ontvang 9-10-1879, pp. 2-3; *The Victoria West Messenger*, 29-12-1879 (Regter Dwyer en de Heer Saul Solomon).
97. K.A.B.: C.O. 5218: no. 1/2313, J.G. Sprigg - Justice Dwyer, 16-12-1879, p. 230, K.A.B.: C.C.P. 1/3/1/4: Debates, 6-7-1880, p. 174.
98. *The Richmond Era*, 27-12-1879 (Hoofartikel).
99. C.P.P.: A. 5-1880 *Correspondence between the ...*: E. Dwyer - Colonial Secretary, 6-1-1880, pp. 3-6 en 20-1-1880, pp. 7-8.
100. K.A.B.: C.O. 5218: no. 1/46 en 1/220, J.G. Sprigg - Justice Dwyer, 14-1-1880, pp. 257-259 en 31-1-1880, pp. 315-316.
101. K.A.B.: C.C.P. 1/3/1/4: Debates, 6-7-1880, p. 175.
102. K.A.B.: G.H. 23/37: no. 222, H.B. Frere - Colonial Secretary, 6-9-1880, pp. 81-82; K.A.B.: C.C.P. 1/3/1/4: Debates, 6-7-1880, p. 173; D.P. Faure, *My life and times*, p. 87.